

AMAGP VOORSITTER BOODSKAP 2020

Die jaar 2020 het aangebreek. Suid-Afrika staan voor vele uitdagings, meeste wat deur die mens self geskep is. Ons hoop en vertroue is dat Kommissies gaan help om korrupte optrede uit te wys en verantwoordelikheid en aanspreeklikheid afgedwing sal word. Die nasionale skuldlas en n flou ekonomie met n stygende werkloosheid plaas SA op die vooraand van rommelstatus met verreikende gevolge. In ‘n kultuur van herverdeling is talle oë gerig op enige bron van fondse, veral die GEPF as reddingsboei.

Dit is my wens dat met die Genade van Bo die bestuur van AMAGP die wysheid en insig sal hê om die regte besluite, veral strategiese besluite, te maak om ons saak te bevorder en ons doelwitte na te streef. Ek vertrou dat die medewerkers soos voorheen hulle volle ondersteuning sal gee om die werk professioneel te doen en die las ligter te maak. Dit is ook noodsaaklik dat die bron van ondersteuning uitgebrei moet word om die toenemende werkslas te dra. U kan AMAGP se hand sterk deur u kennisse en kollegas te werf om by die organisasie aan te sluit.

Die bestuur, werkgroepe en lede van AMAGP dankie vir al die harde werk en ondersteuning. Kom ons vat hande en bou voort op die suksesse tot nou toe bereik en ons hou ons oë gerig op die doelwitte van regmatige pensioen en volhoubaarheid van die Fonds vir alle staatsdiens pensioenarisse. Mag die Liewe Vader ons die krag en vermoë gee om die taak met groot sorg uit te voer. Sterkte vir 2020.

ANTONIE VISSER

AMAGP CHAIRPERSON MESSAGE 2020

The year 2020 has arrived. South Africa is faced by many challenges, of which most have been created by people. We trust and hope that the various Commissions will help to expose corrupt activities and that responsibility and liability will be enforced. The national debt, and a flat economy with increasing unemployment, is placing SA on the brink of junk status with far reaching consequences. In a culture of redistribution, many eyes are focussed on available funds, and especially the GEPF as piggy bank.

It is my wish that with Grace from Above, the AMAGP management will have the wisdom and insight to make the correct decisions, and especially strategic decisions, that will promote our cause and help to achieve our objectives. I trust that our volunteers, who have assisted us in the past, will continue to give their valued support in producing professional products and in relieving the pressure on management. It is imperative to expand the source of support to carry the ever increasing workload. You can strengthen AMAGP's hand by volunteering your services and to encourage friends and colleagues to join the organisation.

To management, working groups and AMAGP members, a sincere word of thanks for all the hard work and support. Let us take hands and continue to build on our successes thus far, and keep our eyes focussed on our objectives for rightful pensions and the sustainability of the Fund for all our government pensioners. May the Good Lord give us the power and capacity to do our task with diligence? Wish you all the best for 2020.

ANTONIE VISSER